# Suid-Afrika se
# NUWE MUNTREEKS




DAAR is verskeie belangrike redes vir die verandering van Suid-Afrika se muntreeks wat van nou af trapsgewys ingevoer sal word. Die hoofrede is die hoë prys van silwer wat die afgelope dekade verdubbel het. Samevallend hiermee is die toenemende gebruik van muntoutomate. In lande waar hierdie uitrusting op groot skaal gebruik word — soos in die Verenigde State en Wes-Duitsland — is dit bykans onmoontlik om die muntreekse te verander weens die onkoste daaraan verbonde en die ontwrigting wat dit teweeg sal bring. Dit is die rede waarom daar besluit is om die verandering van die muntreeks in Suid-Afrika nou, en nie later nie, deur te voer.

Ander redes vir die verandering vloei voort uit ons land se oorskakeling na desimalisasie in 1961 en die feit dat Suid-Afrika se bestaande muntreeks volgens moderne oorsese maatstawwe betreklik groot en lomp is.

Die deurvoering van die nodige wetgewing gedurende die 1964-sitting van die Volksraad is voorafgegaan deur noukeurige studies, oor 'n tydperk van jare, deur die voormalige Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt, mnr. G. J. Malan, deur 'n Feitekomitee onder voorsitterskap van prof. H. J. J. Reynders, van die Universiteit van Pretoria, en deur 'n Gekose Komitee van die Volksraad. Getuienis is gelewer deur die bankwese, die georganiseerde handel en nywerheid asmede deur verteenwoordigers van die provinsiale en die groter plaaslike owerhede.

Die deurvoering van die verandering is toevertrou aan die Adviserende Raad oor Munte waarvan prof. Reynders weer eens as voorsitter aangestel is en waarop die banke en die georganiseerde handel asook die Departement van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling en die Tesourie verteenwoordiging geniet. Anders as in die geval van die Desimalisasieraad is die Adviserende Raad nie 'n statutêre liggaam nie en bedien hy die Minister van Finansies van raad. Sy besluite word deur die Tesourie uitgevoer.

Die nuwe reeks sal uit die volgende muntstukke bestaan: R1 (silwer); 50c, 20c, 10c en 5c (nikkel); 2c, 1c en ½c (brons). As gevolg van die skerp styging in die prys van silwer sedert 1946 het die Suid-Afrikaanse Munt vanaf 1952 sy „wit" muntstukke uit 500 standaard,- in plaas van 800 standaard silwer begin slaan. In die volgende dekade het die prys van silwer egter weer feitlik verdubbel met die gevolg dat die Munt weer eens 'n verlies op sy silwer muntstukke gely het.

Om estetiese oorwegings kon die oplossing nie in 'n vermindering van die silwer-inhoud van die muntmetaal gesoek word nie. Die kleur van 500 standaard silwer wat 'n legering van silwer en koper in gelyke hoeveelhede is, is 'n dowwe grys, en die hoë dele van muntstukke wat daaruit geslaan word, slyt betreklik vinnig en neem 'n onaantreklike kleur aan.

Voorts kon die Munt ook nie die koste-probleem oorbrug slegs deur die groottes van die verskillende muntstukke te verminder nie. Dit sou bloot 'n kortstondige oplossing gewees het. Daar was 'n wesenlike gevaar dat die prys van silwer binne die voorsienbare toekoms in so 'n mate sou styg dat die slaan van sulke kleiner muntstukke ook onekonomies sou word. Indien die gebruik van muntoutomate in Suid-Afrika teen daardie tyd grootskaalse afmetings aangeneem het, sou dit dan peperduur wees om die samestelling van die muntmetaal te verander, aangesien die muntoutomate op die magnetiese eienskappe van muntstukke reageer.

'n Alternatief vir legerings wat silwer bevat, is derhalwe gesoek en uiteindelik is daar op suiwer nikkel eerder as kupro-nikkel of chroomstaal besluit.

Hierdie keuse het 'n deurslaggewende invloed op die groottes van die denominasies in die nuwe reeks gehad en aanleiding gegee tot die verwerping van die waarde-tot-gewig-verhoudings van die bestaande muntstukke wat die banke in staat stel om groot deposito's te kontroleer deur hulle te weeg, danksy die feit dat die gewig van elke muntstuk 'n bepaalde verhouding tot die gewigte van ander muntstukke in die reeks het.

Standaard aanmuntingsmasjiene kan suiwer nikkel munte met 'n maksimum deursnee van slegs 28 mm slaan en dit sal dan ook die grootte van die Republiek se grootste nikkelmuntstuk, die 50c-stuk, wees. Om maklike uitkenbaarheid tussen die muntstukke in 'n reeks wat uit dieselfde metaal geslaan is, in die hand te werk, moet die verskil in groottes tussen die verskillende denominasies sowat 20 tot 30 persent wees, met die ideaal in die omgewing van 25 persent. Hierdie oorweging het gevolglik die groottes van die ander nikkelmuntstukke — 20c, 10c en 5c — beïnvloed. Hul deursnee sal onderskeidelik 24.20 mm 20.7 mm en 17.42 mm wees. Die verskil tussen die maksimum deursnee van 28 mm en die kleinste praktiese minimum van 17.42 mm is sulks dat dit onmoontlik was om 'n reeks te ontwerp waarin die muntstukke 'n bruikbare waarde-tot-gewig-verhouding tot mekaar sou hê en terselfdertyd soveel in oppervlakte verskil dat hulle maklik uitkenbaar sou wees. Die gevolg is dat

al die muntstukke in die nuwe reeks aansienlik kleiner as hul ooreenstemmende denominasies in die bestaande reeks sal wees.

Dit val dan ook mooi saam met die tweede belangrike motivering vir die verandering in Suid-Afrika se muntreeks — die ontwerp van 'n ligter, geriefliker reeks wat met hedendaagse vereistes tred hou. Die bestaande reeks is vrywel onveranderd wat betref die gewigte en groottes van die verskillende denominasies sedert die eerste £.s.d.-muntstukke in 1826 in die Kaap ingevoer is.

Wanneer 'n muntstuk se waarde in sent deur sy gewig in gram verdeel word, word 'n waarde-tot-gewig verhouding verkry. Hoe hoër hierdie verhouding, hoe meer is die muntstuk werd. Gemeet teen hierdie standaard tel Suid-Afrika se ou muntstukke onder die lompste ter wêreld. Terwyl die verhouding van hierdie Suid-Afrikaanse muntstukke slegs 1.4 is, is dié van Duitsland 3.95; van Switzerland 3.2 en van Frankryk 2.6. Met ander woorde, vir dieselfde gewig aan muntstukke in 'n mens se sak sou jy amper vier maal soveel koopkrag in Duitse geld as in Suid-Afrikaanse geld hê. Met die nuwe muntreeks sal Suid-Afrika van die laagste sport op die waarde-tot-gewigverhoudingsleer beweeg tot die boonste sport, want die nuwe syfer sal 4.1 wees. Buiten die geleentheid om ons nuwe muntstukke ligter en kleiner te maak, is die verandering ook benut om 'n reeks met suiwere Suid-Afrikaanse motiewe en met skoon ritmiese lyne te ontwerp.

Die keuse van motiewe het op noukeurige analise van sowel ou as nuwe muntstukke gevolg. Faktore wat in gedagte gehou is, was die volgende:

(a) dat die ideale motiewe onmiddellik met die land van oorsprong geassosieer sou kon word;
(b) dat hulle nie aanstoot sou gee nie met die oog op die rasse-, politieke- of godsdienstige gevoelens van enige deel van Suid-Afrika se heterogene bevolking;
(c) dat hulle kunssinnig sou wees om daardeur die volk se strewe en kultuur te weerspieël;
(d) dat hulle eenvoudig van lyn sou wees om higiëne in die hand te werk;
(e) Dat hulle 'n aantreklike voorkoms, selfs na gevorderde slytasie, sou behou.

Die ontwerpe waarop daar uiteindelik besluit is, is almal deur hierdie oorwegings beïnvloed en is soos volg:

Jan van Riebeeck se beeltenis, verskyn op die muntkant van al die muntstukke. Dié beeltenis, in profiel, kyk na regs en is eksentries op elke muntstuk aangebring. Dis gevolglik baie groter as die ooreenstemmende beeltenis op 'n muntstuk van dieselfde grootte van ons huidige reeks gangbare munte. Slegs die woorde *Suid-Afrika 1965* of *South Africa 1965* verskyn in 'n halfsirkel aan die regterkant van die muntstuk, sodat die skrif groot en maklik leesbaar voorkom, selfs op die vier klein munte. Die tale sal met elke miljoen muntstukke wat geslaan word, verwissel word.

Jan van Riebeeck, die stigter van die blanke beskawing in Suidelike Afrika in 1652, is in 1618 in Nederland gebore. Toe hy in 1662 die Kaap verlaat het, is die fondamente vir die bou van 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie stewig gelê op die basis van 'n florerende landbou. Hierdie eerste tien jaar van ons geskiedenis was deurslaggewend en, omdat Van Riebeeck soveel sukses behaal het, word hy op die nuwe muntstukke vereer.

Die muntstuk van die grootste denominasie — die R1 — sal uit 800 standaard silwer geslaan word en 'n deursnee van 32.5 mm hê. Dis dieselfde as die ou halfkroon. Die motief op die kruiskant is die springbok wat ook op Suid-Afrika se landswapen verskyn. Dis twyfelagtig of daar enige ander simbool in die Republiek is wat so welbekend en verteenwoordigend is of so veel prestige geniet as die springbok. Hierdie simbool het geen politieke assosiasies nie en is gevolglik vir alle dele van die bevolking aanneemlik.

Die springbok kom in sy natuurlike staat voor op die oop vlaktes van die Karoo, die Vrystaat en die Transvaal, Suidwes-Afrika, die Kalahari, Betsjoeanaland en Angola. Daar is nog betreklik baie van dié diere op groot plase in die Republiek te vind.

Die klein letters langs die springbok is die woorde: *Soli deo Gloria* (Aan God Alleen die Eer.) Die R1-muntstuk is die enigste in die reeks met enige woorde op sy kruiskant. Anders as die nuwe nikkelmuntstukke, wat gladde rande sal hê, sal sy rand geriffel wees.

Die ontwerp op die volgende stuk in die reeks, die 50c-stuk, bestaan uit drie blomme — die blou *agapanthus* in die middel, die wit *varkoor* aan die linkerhand en die blou-en-oranje-kleurige *strelitzia* of *wilde piesangboom* onder aan die regterkant. Al drie is inheemse blomsoorte en stel die drie kleure van ons nasionale vlag — oranje, wit en blou — voor.

Die *agapanthus* kom in sy natuurlike staat oral in Suid-Afrika voor, maar groei in geen ander land wild nie. Die eerste geskrewe verwysing na die Kaapse *varkoor* in enige Europese publikasie was in 1687, en die eerste illustrasie is tien jaar later deur Commelin geskilder. Dié skildery is gebaseer op 'n plant wat in Amsterdam van bolle wat deur Simon van der Stel aan Commelin gestuur is, verbou is. Commelin beskryf dit as 'n kalf se voet van die land van die More — letterlik *Zantedeschia aethiopica.*

Die *strelitzia groei* wild in die oostelike kusstreke van Suid-Afrika, vanaf Humansdorp tot in Zoeloeland. Dit ontleen sy naam van Koningin Charlotte van Mecklenburg-Strelitz, eggenote van Koning George III. Die buitengewone fatsoen van die blom, tesame met sy treffende blou en oranje kleure, het hom 'n gewilde soort onder tuiniers dwarsdeur die wêreld gemaak.

Op die nuwe 20c-stuk bestaan die ontwerp uit die *Protea cynaroides* en die *Protea repens,* albei waarvan in hul natuurlike staat slegs in die Kaapprovinsie voorkom. Daar is ongeveer 130 soorte protea in Afrika en, aangesien 100 hiervan in Suid-Afrika voorkom, is dit paslik dat die Protea as Suid-Afrika se nasionale blom vereer word. Die *Protea cynaroides* is die grootste en skouspelagtigste van al die proteas, het blomme tot 9 duim in deursnee en leen hom tot sierlike ontwerpe. Die *Protea repens* is bekend as die Kaapse suikerbos. Die blomme is smal en lank en het hul eie karakteristieke sjarme.

Die aalwyne verkeer onder die juwele van die Suid-Afrikaanse flora en dis miskien paslik dat die aalwyn as die motief vir die nuwe 10c-muntstuk gekies is. Die genus kom hoofsaaklik in Afrika en Madagaskar voor, maar 'n paar spesies is in Arabië en by hoë uitsondering selfs meer ooswaarts te vinde. Die soorte wat in die Republiek te vinde is, is egter gewoonlik heeltemal onderskeidend van dié wat elders groei.

Die *Aloe aculeata,* die spesies wat op die 10c-muntstuk voorkom, het 'n digte roset van dik, puntige blare wat feitlik van die grond af strek en tot 2 voet lank word. Die blare is omtrent 4 duim wyd en ¾ duim dik aan die onderkant en loop na 'n spitspunt, en sowel die rande as die oppervlakte van die blare is met dorings bedek. Van een tot vier digte oranjekleurige trosse blomme reik bokant die blare uit en is gedurende die maande Mei en Junie te sien. Die spesies kom wyelik in Noord- en Noord-oos-Transvaal voor.

Die ontwerp op die 5c-muntstuk bestaan uit 'n beeltenis van die blou kraanvoël teen 'n agtergrond van Karookoppies. In sy natuurlike staat word hierdie voël slegs in die Karoo en die grasveldgedeeltes van Suid-Afrika aangetref. Deur sy grasie word die bloukraan deur baie Suid-Afrikaners as ons nasionale voëlsoort beskou. Bloukraanvoëls kom gewoonlik naby water voor en het die gewoonte



Hier sien u die nuwe munte in hul werklike grootte teenoor die „ou" munte wat geleidelik vervang word

om in die water te staan en slaap en hulle sodoende teen natuurlike vyande veral wilde katte, te beskerm.

Die kruiskant-ontwerp van die 2c-stuk bestaan uit 'n swartwildebees en die ontwerp weergee die dier se energie en karakteristieke rustelose geaardheid. Die swartwildebees kom op die Republiek se landswapen voor en verteenwoordig die provinsie Natal. Hierdie diere het nog nooit in hul natuurlike staat buite die Republiek se landsgrense voorgekom nie en dit is dus paslik dat die beeltenis van die swartwildebees op ons geld aangebring word. Vandag bestaan hierdie diere nie meer in hul natuurlike staat nie en kom slegs op plase en in 'n paar reservate voor. Hulle is nuuskierig van geaardheid en troppe van hulle is altyd baie rusteloos. Hul horings is wyd by hul basisse en groei voorwaarts en af na onder om dan weer opwaarts in skerp punte te eindig.

Die twee mossies op die 1c slaan op 'n verwysing in die Heilige Skrif en wel na Mat. 10, vers 29: „. . . Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie . . ." Die stuiwer was die kleinste gangbare muntstuk van daardie dae en dis gepas dat hierdie motief aanhou om op 'n gangbare muntstuk te verskyn. Die mossie-ontwerp verskyn in 'n splinternuwe gedaante. Die mossies sit in 'n natuurlike houding op 'n inheemse boomtak, terwyl die mossies op die halfsent spieëlbeelde van mekaar is en op 'n mimosa-takkie sit — en die mimosa is 'n ingevoerde boomsoort.

Uitsluitsel moet nog oor die afmetings van die nuwe halfsent-muntstuk waarop die motief 'n haak-en-steek-takkie sal wees, verkry word.

Die feit dat hulle uit nikkel en brons aangemunt word, sal die nuwe muntstukke heeltemal anders laat lyk as die bestaande reeks. Die verskil sal verder vergroot word deur die heeltemal nuwe ontwerpe, die groot syfers waarop die sigwaardes aangebring is en die feit dat al die „wit" munte, met uitsondering van die R1, gladde rande sal hê, terwyl al die nuwe bronsstukke geriffelde rande sal hê.

Die enigste moontlikheid van verwarring lê daarin dat die nuwe muntstukke almal aansienlik kleiner sal wees as hul ekwivalente in die bestaande reeks. Die deursnee van die nuwe 50c-stuk is feitlik dieselfde as dié van die bestaande silwer 20c-muntstuk; dié van die nuwe 20c-stuk is byna dieselfde as die deursnee van die bestaande sjieling of 10c-stuk en die deursnee van die nuwe 10c-stuk is vergelykbaar met dié van die huidige sikspens of 5c-muntstuk.

Om dié rede word die nuwe muntstukke denominasiegewys uitgereik beginnende met die 2c- en 5c-stukke. Eersgenoemde muntstuk het geen ekwivalent in die bestaande reeks nie en kan derhalwe nie met enige ander muntstuk verwar word nie. Laasgenoemde is soveel groter as die tiekie en soveel kleiner as die sikspens dat dit ook nie maklik vir hierdie twee muntstukke aangesien kan word nie. Nadat dit op 11 Mei in omloop geplaas is, het die banke die ou sikspense en 5c-muntstukke begin onttrek. Slegs wanneer die merendeel van hierdie geldstukke aan die Munt




**Sommige van die Raad se veeltalige biljette wat aan alle werkgewers, staatsdepartemente en handelaars verskaf is om die oorskakeling te vergemaklik**

teruggestuur is, sal die nuwe 10c-muntstuk uitgereik word, want dan sal daar geen ander muntstuk in omloop wees waarmee dit maklik verwar kan word nie. Die nuwe 20c-stuk sal in omloop geplaas word slegs wanneer al die ou sjieling- en 10c-muntstukke die Munt bereik het.

Dieselfde prosedure sal met die nuwe 50c-stukke gevolg word. Die nuwe 1c- en ½c-stukke sal nie voor 1966 uitgereik word nie.

Beplanning vir die oorskakeling het plaasgevind op die basis dat nuwe denominasies by tussenposes van drie na vier maande in omloop geplaas sal word en dat die hele onderneming van 15 tot 18 maande sal duur. Die beslissende faktor sal egter die tempo wees waarteen die ou muntstukke van elke denominasie wat in aktiewe omloop is, aan die Suid-Afrikaanse Munt in Pretoria teruggestuur kan word. Hiervoor is die samewerking van alle handelsondernemings en van die hele publiek onontbeerlik. Geld kan vir lang tydperke in omloop bly sonder om ooit 'n bank te bereik en totdat dit by 'n bank uitkom, kan dit nie aan die omloop onttrek word nie.

Baie sake-ondernemings bank nooit muntstukke wat hulle in die loop van die handel verkry nie. Hulle hou hulle vir kleingelddoeleindes agterweë en bank slegs hul banknote. Die voorsitter van die Adviserende Raad, prof. H. J. J. Reynders, het gevolglik 'n beroep op alle sakelui gedoen om die muntstukke van die denominasie wat onttrek word, doelmatig, verkieslik daagliks, maar minstens twee- of drie maal per week, te bank. Dit sal die banke in staat stel om die ou denominasies spoedig met nuwe muntstukke te vervang.

Samevallend hiermee doen die landswye voorligtingsveldtog wat deur die Raad van stapel gestuur is, 'n beroep op die publiek om altyd hul ou muntstukke eers te bestee wanneer hulle inkope of betalings doen. Die publiek word versoek om, wanneer hulle op busse of treine ry of wanneer hulle inkope of betalings doen, die ou muntstukke in hul sakke en beurse liewers as enige nuwes wat hulle in hul besit het, te bestee. Die ou muntstukke sal die banke dan deur die geldlaaie van finansiële instellings en ander sake bereik.

Die Raad het meer as 300,000 veeltalige plakkate wat dwarsdeur Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aangebring is, laat druk. Benewens Engels, Afrikaans en Duits verskyn 13 verskillende Bantoetale op die plakkaat. Die nuwe muntstukke word in kleur in hul juiste groottes getoon om die publiek vooruit met hul voorkoms vertroud te maak.

Aanvullend tot dié plakkaat is 'n aantreklike kaart met 'n tekening van Daan Desimaal daarop aan alle kleinhandelsake, finansiële inrigtings en publieke vervoerinstansies verskaf om by verkoopspunte, op kasregisters of tellers se kraampies aangebring te word. Die kaart doen ook 'n beroep op die publiek om hul ou munte eerste te bestee.

'n Eenvoudige geïllustreerde artikel waarop onderwysers klaslesse kan baseer, is aan alle blanke en nie-blanke skole verskaf omdat die ondervinding geleer het dat die kind sy ouers inlig oor wat hy op skool leer.

Benewens hierdie drie voorligtingstukke is 'n regstreekse beroep op samewerking deur prof. Reynders aan alle kleinhandelaars gerig.

'n Gekonsentreerde radioveldtog oor alle senders van die S.A.U.K., wat gebruik maak van lewendige, gemoderniseerde Daan Desimaal-deuntjies wat die storie van die oorskakeling vertel, word ook onderneem. Dié deuntjie is in Engels en Afrikaans en sewe verskillende Bantoetale.

Die omvang van die voorligtingsveldtog stem ooreen met dié wat in 1960-61 tydens desimalisasie onderneem is en die bedoeling is om nuwe plakkate voort te bring wanneer elke nuwe muntstuk in omloop geplaas word.

Spesiale stappe is gedoen om sowel die stedelike as die plattelandse Bantoe in te lig en lede van die Raad wat die stamowerhede by plekke soos Nongoma, Mafeking, Witsieshoek, Sibasa, Kingwilliamstown, Pietersburg en die Transkei se regering te Umtata besoek het, het bevind dat die leiers van die Bantoe die nuwe stukke verwelkom op grond van hul ligtheid, kleiner groottes en gerief. Baie van hulle was ook in hul skik omdat die motiewe van Suid-Afrikaanse blomme, voëls en diere gebruik maak.









# Changing Coins




NEW coins for South Africa are necessary because the price of silver has doubled in the past decade and machines operated by coins are increasing so fast that the day will soon come when replacement of the machines will make it too expensive to change the coinage. Minor reasons derive from the decimalization of 1961 and the fact that South African coins have been relatively large, heavy and inconvenient.

Before legislation was passed in 1964, studies were made by the Mint, an academic factfinding committee, and a parliamentary select committee, consultation extending to the banks, commerce, industry, and local authorities. Implementation was entrusted to the Advisory Board on Coinage.

The new series consists of one silver coin — R1, four nickel coins — 50c, 20c, 10c, 5c, and three bronze coins — 2c, 1c, and ½c.

As an alternative to silver alloys was needed, pure nickel was chosen in preference to cupro-nickel or chrome-steel, the choice influencing the sizes of the new coins and causing the abandonment of the value-to-weight ratios of the traditional coinage.

Standard presses cannot mint coins of pure nickel if their diameter is greater than 28 mm, so 28 mm will be the size of the largest nickel coin, the 50c piece. The smallest nickel coin will be 17.42 mm in diameter, and all coins in the new series will be smaller than their equivalent denominations in the old.

In addition to making the coins lighter and smaller, advantage has been taken of the change to introduce purely South African motifs in design. The reasons were to associate the motifs with the country of origin, to avoid offending racial, political, and religious prejudices of any section of the population, to reflect artistic and cultural aspirations, to achieve simplicity and cleanliness, and to retain an attractive appearance after much wear.

On the obverse of all the coins appears the likeness of Jan van Riebeeck, in three-quarter profile, with the words 'Suid-Afrika 1965' or 'South Africa 1965'. The languages alternate with each million coins struck.

The R1 will be of 800 standard silver, with a diameter of 32.50 mm. On the reverse is the Springbok. Next to the Springbok are the words 'Soli deo gloria.' The edge will be milled.

The 50c piece contains the Agapanthus, the Arum, and the Strelitzia, all indigenous plants.

The 20c piece contains *Protea cynaroides* and *P. repens.*

The 10c piece contains *Aloe aculeata.*

On the 5c coin is a likeness of the Blue Crane against a background of Karoo koppies.

The new bronze 2c coin has a Black Wildebeest. The 1c coin has two sparrows, in reference to Matthew X, 29: 'Are not two sparrows sold for a farthing? The ½c coin will have on it as its motif a sprig of the Umbrella Thorn.

All the 'white' coins, except the R1, will have smooth edges, and all the bronze coins will have milled edges.

Because the new 50c piece is almost the same size as the present 20c silver coin, the new 20c coin almost the same size as the 10c coin or shilling, and the new 10c coin similar to the 5c coin or sixpence, the new coins will be issued by denominations.